KOMMUNIKAATJIE
Gereformeerde Kerk Centurion

Jaargang 51 Nr 13 12 April 2026

# Kosbare Remedies teen Satan se planne

Hoe bekend is jy met die satan se planne om die kerk van Christus te vernietig? Ons weet tog so goed uit Efesiërs 6 dat ons stryd nie teen vlees en bloed is nie, dat ons die wapenrusting van die geloof moet opneem.

Tog is daar baie Christene, veral in die modern era, wat naïef is oor geloof. Geloof is vir hulle iets wat "*lekker*" is en jou laat goed voel. Dit moenie iets wees wat moeite vereis nie! Vir die meeste moderne Christene is die ongereelde lees van die Bybel en 'n skiet gebed genoegsaam vir hulle geestelike groei en sekerheid. Ons lewe is so besig, en tyd is so min, daarom is die bietjie tyd wat jy afstaan aan jou geloof 'n bewys dat jy tog gered sal word.

Miskien is dit waar dat ons leef in 'n tyd waarin ons so min as moontlik hoef te doen vir ons verlossing. Ons leef die heeltyd met die gedagte, om net die noodsaaklikste te verrig. Wat is die minste wat jy hoef te doen om darem nog steeds die hemel te maak?

Dit is asof ons gewete nie meer geprikkel word of dat ons skuldig voel as jy nie jou lewe aan Christus oorgee om alles in Hom en Deur Hom en Tot Hom te doen nie. Ons leef immers 'n tyd van verbruikers mentaliteit. Mense sien hulleself nie as lede van die liggaam van Christus nie, maar eerder in 'n lidmaatskap wat gedien en bedien moet word.

As jy leef om net die nodigste te doen vir jou geloof, hoe sal jy tog weet wat is die aanslag om jou van die geloof te ontwortel of te beroof. Die apostel Paulus skryf juis daaroor in die 2de Korintiër brief in hoofstuk 2 as hy vermeld dat hulle nie onbekend is met die planne van die satan nie.

Dit laat 'n mens tog vra: *wat is jou strategie teen die sonde en die satan*? *Het jy 'n plan*? Baie maal leef jy maar net elke dag met jou fokus op wat jy in die lewe moet verrig om te oorleef.

Dit maak 'n boekie soos die van Thomas Brooks so kosbaar, want hy skryf oor *Precious remedies against satan's devices*, of William Bridge se *Lifting up of the downcast.*

Laat ons nie onkant betrap word met die bedrieglike planne van die satan nie, laat ons nie verstrengel raak in die web van sorge van die lewe, dat ons vergeet wat ware vryheid in Christus vir ons beteken nie...

Christus gee tog vir ons kosbare remedies en oplossings vir elke bose plan. Mag ons in die geloof volhard en ons lewe daaraan toewy om die wedloop te voltooi en die geloof te behou!

Lourens (vdm)

# *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*

Basdenlaan 226
Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: **Vandag**: Les 8, Ps 33-1-1 **Volgende week**: Les 9, Ps 33-1-1

**KLEUTERKLAS**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.
*(Janneke Wessels – 071 898 5900)*

## Dienspersoneel

| Datum | Wyk | Oudl Afr Diens | Oudl vir Afkondigings | Diaken | Klank | Projektor | Video Uitsending |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 12-Apr | C15 | Jan Nel | Pieter Wolmarans | Kobus Joubert | Hein Kaiser | Gert Reinecke | Louise van Niekerk |
| 19-Apr | A01 | Charl van den Bergh | Leon Lourens | Louise van Niekerk | Charl vd Bergh | Hannie vd Bergh | Nicolai vd Merwe |

## KOLLEKTES

Vandag: **Spesiale Kollekte** (tydens erediens )

Volgende week: **Barmhartigheid**

Vandag: **Teol studentekas** (by die deure)

Volgende week: **Kerkkas**

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za

# Verjaarsdae

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 12-Apr | Luzia | Combrinck | A07 | 0825622057 |
| | Sakkie | Malherbe | B05 | 0728229223 |
| | Johan | v Werkhoven | C08 | 0828216567 |
| 14-Apr | Henk | Kotzé | A01 | 0714713329 |
| | Louis | Kruger | A07 | 0828262752 |
| | Anna-Marie | vd Dussen | B17 | 0663507860 |
| | Tjaart | vd Walt | C06 | 0828242933 |
| | Melody | Venter | B02 | 0828568497 |
| 15-Apr | Monique | Meiring | B15 | 0789804252 |
| | Ruben | Smit | A09 | 0828329680 |
| 16-Apr | Alida | de Bruin | A18 | 0827879623 |
| | Ledine | Klopper | C05 | 0825777190 |
| | Jacques | Myburgh | B05 | 0823247265 |
| 17-Apr | Anneri | de Jager | B17 | 0829240529 |
| | Marco | Engelbrecht | A10 | 0727388109 |
| | Clara | Jv Rensburg | C03 | 0824713877 |
| 18-Apr | Liezel | Louw | C14 | 0824189113 |
| | Kelly | van Staden | A15 | 0761067724 |
| | Wilna | van Zyl | B05 | 0825795853 |

## Dooplidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 15-Apr | Jan-Hendrik | Koch | C08 | 0724428655 |
| | Ruard | Reynecke | C10 | 0832559900 |
| | Amé | van Wyk | B15 | 0766487423 |
| 16-Apr | Wiandi | Rheeders | B05 | 0825151558 |

# Ons gee om vir Mekaar

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Hettie Smit het geval en haar bekkenbeen gekraak. Sy sterk tans tuis aan (B7 - 072 839 1011).
- Rassie Erasmus (Petro) se gesondheid is nie na wense (C12 - 081 484 3454)

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

*Voorwaar, voorwaar
Ek sê vir julle,
wie my woord hoor en Hom
glo wat My gestuur het,
het die ewige lewe
en kom nie in die oordeel nie,
maar het oorgegaan uit die
dood in die lewe.
Johannes 5:24*

**Bevestiging en Losmaking** van Ouderlinge en Diakens geskied tydens ons aanddiens om 18:00.

## *Alethea Outreach 11:00*

Like us on facebook:

https://www.facebook.com/aletheaministry/

Rev Lourens Venter

**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkap-masjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerk-masjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Verkoop u, u huis?** Onthou dit is u Verkoper se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag daarmee wil help. Ook testamente en boedels. Pieter Wolmarans Prokureurs 083 949 88 99.

**Kamer met badkamer gesoek** miv 1 Junie, vir Helen, skoonmaakster by die kerk. Verkieslik loopafstand van die kerk. Skakel gerus vir ouma Annah Sekhu 076 758 7843.

**Betroubare huishulp Ma, Di, Do en Vrydae**-Maria Mthimunye 079 808 6614 (Verwysing Martie Vilas 071 683 0348).

Soek jy 'n lekker kuier-plek???? **Oppi Stoep Gastehuis** bied aan:- Pensionaris ontbyt op Woensdae van 10:00 tot 13:00 (bespreek asb). Lokaal vir:- werkswinkels, verjaarsdagfunksies, huweliksherdenkings, re-unies. Skakel Johan Wiegand 082 498 6314.




## *Koningskinders-klerebank*

GK Centurion het 'n Koningskinders-klerebank. Enige gemeentelid met 'n behoefte is welkom om ons te nader.

Die uitreik is baie diskreet en gratis. Alle klere en skoene word deur die gemeentelede geskenk.

Daar is tans 'n behoefte aan die volgende kinderklere vir dogters en seuns 5 - 9 jr, vanaf 12 - 14 jr asook mansklere. Ons soek ook nuwe onder-klere vir seuns en 2-stuk onderklere vir dogters en nuwe kouse. (Ons gee nie gebruikte onderklere uit nie.)

Ons help sovêr moontlik alle ouderdomme van baba tot volwas-senes.

Skakel my gerus:

Helena du Plessis

079 460 7774



## Jag-vir-jou-Kerk

Die jagseisoen is eersdaags oop!!
Ondersteun Ollie en skenk 'n bok vir die Kerk. Ons betaal vir die verwerking (droëwors).
Skakel Tjaart vd Walt –
082 824 2933



## Die Wyse Gryses

DV Maandag **13 April** 2026

om **10h00** in die **kerksaal**

Ds Paul v d Berg gaan met ons gedagtes wissel oor die vreugde en voorreg van die herdenking van die Christelike Paasfees.

Kom verseker en bring gerus 'n vriend of vriendin saam!

Almal hartlik welkom.

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**12-Apr**
Thereza Myburg B1
Petra Terblanche B2

**19-Apr**
Lize Dekker B3
Louise van Niekerk B4




Dis Susters van GK Centurion bied 'n unieke geleentheid aan : Moenie hierdie misloop nie! Hettie Brittz bring haar gewilde boektoer, "Kweek Kinders met Karakter", na ons toe.

Waar: Gereformeerde Kerk Centurion

Wanneer: 5 Mei om 18:30

Kaartjies: R100 (Bespreek op Quicket)

Kom ontdek hoe om jou kind se unieke "*temperament-kode*" te ontsyfer vir minder konflik en meer konneksie.

Bespreek hier: https://www.quicket.co.za/events/365406-kweek-kinders-met-karakter-saam-hettie-brittz/

Stuur asb aan na julle skool- en familie-groepe!

***Fondse ingesamel gaan aan opgradering van moederskamer***

**Lené vd Walt 0605421769**

## Sola Chorda – Kitaarbybelstudiegroep

Indien jy kitaarspeel en belangstel om aan te sluit by Sola Chorda (GKC se Kitaarbybelstudiegroep) kan jy gerus by die WhatsApp-groep aansluit vir meer inligting.

**Kyk uit vir die QR kode op die bord.**

Ons gaan liedere aanleer, ontleed en bespreek - 'n ander wyse van Bybelstudie, waar ons liedere aan die Skrif toets, terwyl ons as groep saam musiekmaak en so ons gawes ontwikkel.

Almal is welkom - jonk en oud. Gesout of geroes.




## Volwasse Toerusting vir nuwe lidmate

Enige persoon wat by die gemeente wil aansluit en of lidmate wat belangstel vir 'n bietjie opfrissing van jou kennis, kan die toerusting bywoon.

Die volwasse toerusting begin

**21 April om 18:30** in die konsistorie

Bevestig asb met:

ds Maarten 072 143 1855/

Kerkkantoor 012 664 2614

## Van die Kerkraadstafel

Die Kerkraad het op sy vergadering van 9 April die saak van die Sinodebesluit 2026 wat oor die eenheid van die kerk handel, bespreek en behoorlik deurgetrap.

Daar is besluit om op Woensdag 6 Mei om 18:30 'n inligtingsessie vir alle lidmate te reël.

Die afgevaardigdes na die komende klassis is gevra om die saak ook op die agenda te plaas aangesien ons almal die eenheid van die GKSA op die hart dra.

Ons bid en vertrou dat die waarheid in liefde mag seëvier tot eer van God.




**BYBELSKOOL 2026**

Geen Bybelskool in tweede kwartaal nie weens verskeie publieke vakansiedae en gemeente kalender beplanning.

**Volgende Bybelskool:**
4 Aug – 8 Sept 2026
**Tema:** Gebed
Meer besonderhede volg binnekort
Kontak persoon: Christi Venter:
082 940 1555



## Musiekvoorspel inligting

Psalm 115 Oggenddiens

Psalm 115 is 'n liturgiese loflied van vertroue, deel van die Egiptiese Hallel (Psalms 113–118) wat tydens Pasga gesing word. Dit het waarskynlik ontstaan in 'n tyd van nasionale nood of post-eksiliese onsekerheid, en spreek die bespotting van heidense nasies aan rakende die onsigbaarheid van Israel se God. Dit kontrasteer die lewende Skepper met magtelose afgode.

Psalm 15 Aanddiens

Psalm 15 is 'n "Psalm van Dawid" wat as 'n ingangsliturgie funksioneer en die morele en etiese karakter definieer wat nodig is om in God se teenwoordigheid te woon. Dit beklemtoon integriteit bo ritueel, waarskynlik gekomponeer vir pelgrims wat die Tabernakel nader of toe die Ark na Sion gebring is (2 Sam 6).

# Liturgiese Riglyne

## SONDAGOGGEND 09:00

## God is Meer as ons Hart

**Skriflesing:**
1 Johannes 3:9-24;
Genesis 4:3-16
(2020)

**Teksvers:**
1 Johannes 3:18-22

**Sing:**
Ps 33:1,2,6,11
Ps 119:13,14,15
Sb 9 -4:1,2,5,6
Ps 45:1,9,10
Sb 1-2:1,2,3
Sb 13-3

Prediker: Ds Lourens Venter

Uit die eerste brief van Johannes het ons gevind dat daar reeds drie verskillende maniere waarop ons geloof getoets kan word, met ander woorde, of jy uit God gebore is en Hom ken. Die eerste is die toets van die waarheid, dat God se Woord die enigste gesag van jou lewe is en dat jy sy gebooie bewaar. Die tweede toets is die morele, of jy in Hom bly en lyk soos Hy lyk, of word soos Hy is. Die derde toets is die van liefde, om jou broer lief te hê.

Dit is waar ons gewete ons baie maal aankla, of in hierdie sin, jou hart. Soms leef daar dieselfde gesindheid in ons hart soos die van Kain. God is meer as ons hart... maar wat sal dit tog

## SONDAGAAND 18:00

## Sê wie? Sê Gód!

**Skriflesing:**
Hebreërs 1
(2020)

**Teksvers:**
Hebreërs 1:1-2a

**HK:** Sondag 6

**Sing:**
Ps 138:2, 4
Ps 4:2, 3
Ps 18:14,16
Sb 12-3:1, 2
Sb 13-3

**Prediker**: Dr Douw Breed

Kan jy oor jou geloof antwoord op die vraag?: "*Hoe weet jy dit*?"

**GOD HET GESÊ ...**
Lank terug het Hy reeds gesê en op baie maniere.
Nou het Hy deur sy Seun gepraat en klaar gepraat.

**... OOR DIE SEUN AS WARE MENS**
'n Priester wat reiniging bewerk!
'n Volmaakte offer.
Die gevolge van die offer.

**... OOR DIE SEUN AS WARE GOD**
Hoor jy die krag van sy Godheid? Die skepping, die onderhouding, die heerlikheid.
Hy dra God se toorn deur die krag van sy Godheid.

Moenie mompel nie. Sê Wie het gesê en hóé Hy gesê het.